

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.



10c Thursday, 18th January, 1962

WINDHOEK

Donderdag, 18 Januarie 1962

No. 2367

## CONTENTS

## INHOUD

Page/Bladsy

### GOVERNMENT NOTICES:—

- No. 14. Control of Foot and Mouth Disease Regulations  
No. 15. Foot and Mouth Disease: Appointment of Authorized Persons

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- Beheer van Bek- en Klouseer Regulasies . . . . . 52  
Bek- en Klouseer: Aanstelling van Gemagtigde Persone . . . . . 53

## Government Notices.

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 14.] [18th January, 1962.

No. 14.] [18 Januarie 1962.

### REGULATIONS FOR THE CONTROL OF FOOT AND MOUTH DISEASE.

### REGULASIES VIR DIE BEHEER VAN BEK- EN KLOUSEER.

Under the powers vested in him by section 27 of the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959 (Ordinance 34 of 1959) the Administrator has made the following regulations without prior publication because he is of the opinion that the purpose of these regulations would be defeated by delay:—

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 27 van die Ordonnansie op Dieresiektes en Parasiete 1959 (Ordonnansie 34 van 1959) het die Administrateur die volgende regulasies afgekondig sonder voorafgaande publikasie omdat hy van mening is dat die doel van die regulasies deur vertraging verydel sou word:—

1. For the purposes of the regulations:—
- (a) "officer" means an officer of the Agriculture Branch and also any other official of the South West Africa Administration temporarily seconded to the Agriculture Branch;
  - (b) "authorized person" means a person authorized by the Administrator under section 18 (1) (b) of the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959 (Ordinance 34 of 1959) to give effect to the regulations;
  - (c) "animal products" shall include —
    - (i) milk and milk products such as farm butter, farm cheese, cream and casein but shall not include factory-processed articles such as creamery butter, condensed milk, powdered milk products and cheese provided these articles are in intact factory-packaged containers;
    - (ii) the uncooked meat, organs and viscera of cattle, sheep, goats, pigs and other cloven-hoofed animals;
    - (iii) the skins and hides of such animals;
    - (iv) the hair, bristles, wool, horns, hoofs, bones, semen, blood and manure of such animals;
  - (d) "vegetable products" shall include thorn tree pods, grass, grasshay, straw, lucerne, hay, maize stalks and kaffir corn stalks; but shall not include tobacco and its products, industrial timber, basket-

1. Vir die doel van die regulasies:—
- (a) beteken „beampte” ’n beampte van die Afdeling Landbou asook enige ander amptenaar van die Administrasie van Suidwes-Afrika tydelik toegesê aan die Afdeling Landbou;
  - (b) beteken „gemagtigde persoon” ’n persoon deur die Administrateur kragtens artikel 18 (1) (b) van die Ordonnansie op Dieresiektes en Parasiete 1959 (Ordonnansie 34 van 1959) gemagtig om uitvoering te gee aan die regulasies;
  - (c) sluit „dierlike produkte” in —
    - (i) melk en melkprodukte soos plaasbotter, plaaskaas, room en kaseien, maar nie fabriekverwerkte artikels soos fabrieksbotter, gekondenseerde melk, poeiernelkprodukte en kaas nie mits hierdie artikels in intakte fabriekverpakte houers is;
    - (ii) die ongekookte vleis, organe en ingewande van beeste, skape, bokke, varke en ander diere met gesplete hoewe;
    - (iii) die velle en huide van sodanige diere;
    - (iv) die hare, borselhare, wol, horings, hoewe, bene, saad, bloed en mis van sodanige diere;
  - (d) sluit „plantaardige produkte” in — doringboompeule, gras, grashooi, strooi, lusern, hooi, mielie-  
stronke en kafferkringstronke, maar nie tabak en sy produkte, industriële hout, mandjiesgoed, mielies,

ware, maize, kaffir corn, groundnuts, fruit and vegetables in bags, fruit and vegetables in boxes or crates without straw or grass, and walking sticks, ornaments and curios made of wood;

(e) "animal" shall include cattle, sheep, goats, pigs or other cloven-hoofed animals.

2. Any authorized person or an officer shall at any cordon gate erected for the purpose of controlling foot and mouth disease —

- (a) stop any conveyance;
- (b) disinfect such conveyance and its occupants in accordance with the directions of the Director of Agriculture; and
- (c) search the conveyance and seize animals and animal and vegetable products being conveyed therein, unless such transportation is being carried out under the authority of a valid permit issued by the Director of Agriculture.

kafferkoring, grondboontjies, vrugte en groente in sakke, vrugte en groente in kassies of kratte sonder gras of strooi, en kieres, sierade en kuriositeite van hout gemaak nie;

(e) sluit „dier" in beeste, skape, bokke, varke of ander diere met gesplete hoewe.

2. 'n Gemagtigde persoon of 'n beampte moet by enige kordonhek opgestel met die doel om bek- en klouseer te beheer —

- (a) enige vervoermiddel stop;
- (b) die vervoermiddel en die insittendes daarvan ontsmet volgens die voorskrif van die Direkteur van Landbou; en
- (c) die vervoermiddel deursoek en beslag lê op diere, dierlike en plantaardige produkte wat daarin vervoer word tensy sulke vervoer geskied op gesag van 'n geldige permit uitgereik deur die Direkteur van Landbou.

No. 15.] [18th January, 1962.

FOOT AND MOUTH DISEASE: APPOINTMENT OF AUTHORIZED PERSONS FOR THE PURPOSES OF GOVERNMENT NOTICE 14 OF 18.1.1962.

Notice is hereby given that the Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 18(1) (b) of the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959 (Ordinance 34 of 1959) to authorize all special constables, sworn in for service on cordons established for the control of foot and mouth disease, to act under the regulations published under Government Notice 14 of the 18th January, 1962 and under the provisions of sub-section (1) of section 19 of Ordinance 34 of 1959.

No. 15.] [18 Januarie 1962.

BEK- EN KLOUSEER: AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE PERSONE VIR DIE DOEL VAN GOEWERMENSKENNISGEWING 14 VAN 18.1.1962.

Kennisgewing geskied hierby dat dit die Administrateur behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 18 (1) (b) van die Ordonnansie op Dieresiektes en Parasiete 1959 (Ordonnansie 34 van 1959) alle spesiale konstabels, ingesweer vir diens op kordonne opgestel vir die beheer van bek- en klouseer, te magtig om op te tree ingevolge die regulasies afgekondig by Goewermensken-nisgewing 14 van 18 Januarie 1962 en ingevolge die bepaling van sub-artikel (1) van artikel 19 van Ordonnan-sie 34 van 1959.